WENBRIEF

## Is daar 'n toekoms van begrip?

Gaan die wraak, moorde en diefstal wat teen boere gepleeg word, ooit minder word? Gaan die vergelding waaronder ons ly en die "vergoeding" wat ons betaal deur besteel, gesaboteer en vermoor te word, end kry? Gaan ons iewers in die toekoms berusting of troos vind dat dít wat ons aangedoen word, 'n rede het en dat ons kollektief skuldig is aan die sondes van die apartheidsbeleid?

Van Februarie 2022 af het ek saam met my werkers hard gewerk om 'n deel van my plaas met wildwering te omhein. Op 24 Desember 2022 het ek 3 km waarmee ons klaar was, vir die soveelste keer gepatrolleer en bewonder. My seun sou dit die volgende dag, op Kersfees, vir die eerste keer sien.

Die volgende oggend, op Kersdag, het ek vir my seun die heining gaan wys. Die heining was totaal verwoes. Wraaksugtiges het op Oukersaand die heining op verskeie plekke vir meters aaneenlopend geknip. Ek kan nie my gevoel beskryf by die aanskoue van die verwoesting nie. Ek was sprakeloos. Ek was seergemaak. Waar ek hier sit en skryf, loop die trane vrylik oor my wange.

Ná al die vergaderings wat ek in die vorige jaar met die plaaslike gemeenskapsleiers en die kaptein gehad het en waartydens ek gepleit het vir respek vir my eiendomsreg, het dit by my begin deurskemer dat wraakgedagtes gelê en luier het by die swart gemeenskap.

Dit is 'n gevestigde gewoonte waarvan jy nie gaan ontsnap nie: Om boete te doen vir die foute wat jy gemaak het – jy alleen of saam met ander.

In 'n brief van my wat in *Landbouweekblad* gepubliseer is ("Die ewige droom", 26 Augustus 2021) het ek my gekoesterde droom van jare lank met lesers gedeel. Daarin het ek vertel hoe ek bedrywig is om wildwering te span op my plaas van 360 ha en hoe ek daarna uitsien om wild te sien aanstap rivier toe vir water.

Dié droom is op Oukersaand gesmoor toe die wildwering van 3 km waarmee ek klaar was, deur my swart bure in die nabygeleë dorpie vernietig is.

Ek kan my net op een manier berus by wat gebeur het. Ek is vergeld vir wat ek ander aangedoen het deur my kollektiewe deelname aan 'n ongevoelige en onbeskaafde beleid wat jare lank in Suid-Afrika gegeld het.

Dít alles gesê met erkenning dat alles wat tans in Suid-Afrika gebeur, ewe afkeurenswaardig is as dit wat voor 1994 uitgedeel is.

Ek gaan voort en sal nie moed opgee nie, en vertrou dat ons eendag in hierdie skone land in vrede 'n weg sal vind om mekaar tegemoet te kom oor die foute wat ons in die verlede gemaak het.

**Paul van Schalkwyk**
Marble Hall



**Goeie geaardheid.** Brahmane word dikwels voor die voet as wild en temperamenteel bestempel, maar hierdie foto vertel 'n ander storie. Die kinders en die wit Brahman-koei was ewe nuuskierig tydens 'n uitstappie op mnr. Louis Meyer se plaas tussen Zeerust en die Kopfontein-grenspos tussen Suid-Afrika en Botswana. Die kinders kon haar kop en ore na hartelus vryf, terwyl sy die aandag terdeë geniet het. Van links is Suné van Rooyen van Pretoria, Lurienka Hattingh van Rooyen van Zeerust met haar seun, Christiaan, Chanriette Jansen van Nieuwenhuizen van Gaborone in Botswana, en Hanru van Rooyen van Pretoria. Meyer se Brahman-stoetery Loriza bestaan al sedert 1967. Hy boer ook by Lichtenburg waar hy Brahmane aanhou en mielies plant. *FOTO: CHARL VAN ROOYEN*

## Skryf vir ons en wen 'n prys

Skryf gerus aan ons. As dit die wenbrief is, ontvang jy R150 met die komplimente van BKB. Sê jou sê in hoogstens 500 woorde. Stuur dit per e-pos aan **lbw@landbou.com** of per gewone pos aan Die Redakteur, Brieweblad, *Landbouweekblad*, Posbus 1802, Kaapstad 8000. Verskaf jou naam en adres, al wil jy 'n skuilnaam gebruik.

**Paul van Schalkwyk** het dié week se wenbrief geskryf.

BKB
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## Mashatile se uitlatings oor grondhervorming dui op onkunde

Adjunkpres. Paul Mashatile moet oor grondhervorming eers sy eie werf skoonvee voordat hy hom in die media daaroor uitlaat.

In 2018 het oudpres. Kgalema Motlanthe 'n hoëvlakpaneel gelei om 'n verslag oor die korrupsie, nepotisme en staatskaping in die grondhervormingsproses op te stel. Pres. Cyril Ramaphosa het daardie verslag onder die mat ingevee. Eers wanneer die ANC dit uithaal, afstof en bywerk, sal die wêreld hom weer ernstiger opneem oor grondkwessies.

Mashatile hamer op "maatskaplike geregtigheid", maar swyg oor die gebrek aan geregtigheid in strafsake en siviele sake waarby ANC-hoogge-